# TOWARD THE GOAL



KINDERBOEK

## DIE GOUE KAARTJIE

AMBASSADORS
FOOTBALL

Hallo

My naam is Footy.

Welkom by…

TOWARD THE GOAL

Hier is waar om alles te vind...


| | |
|---|---|
| Sokkerstorie | bl. 2 |
| Bybelstorie | bl. 6 |
| Storie-ooreenstemming | bl. 9 |
| Fokus studies | bl. 10 |
| Geheueverse | agterblad |


Ek hoop jy geniet dit!



**© 2026 Ambassadors Football. Alle regte voorbehou.**

Ambassadors Football het Toward the Goal geskep vir gebruik deur alle mense wêreldwyd en gratis. Dit staan jou ook vry om die materiaal met ander te deel, soos dit is, sonder enige aansprake op eienaarskap oor die materiaal. Jy mag op geen manier vir Toward the Goal geld vra nie, of dit saambondel met ander produkte wat dan verkoop of weggegee word nie. Toward the Goal moet gebruik word soos dit is, en niks mag op enige wyse bygevoeg of verwyder word nie.

Toward the Goal-materiaal is aanlyn beskikbaar saam met afrigtingsmateriaal vir diegene wat hul eie sokkerbedieningsprogramme wil skep.

Besoek gerus die webwerf by: **www.ttgweb.org**

Indien jy enige vrae het of hulp benodig, kontak ons gerus by:
**ttg@ambassadorsfootball.org**

Besoek ons by **www.ambassadorsfootball.org** om meer te wete te kom oor ons wêreldwye sokkerbediening.

# DIE GOUE KAARTJIE



Die Internasionale beker het na Soccatown gekom! Ondersteuners van oor die hele wêreld vul die strate. Dit is ’n droom wat waar geword het vir Footy en sy vriende.

Elke aand speel hulle in die strate en kinders van verskillende lande sluit by hulle aan! Een van hulle se naam is Grobb. Hy is groot, rof en altyd op soek na moeilikheid. Niemand hou daarvan om saam met Grobb te speel nie!



Jerro roep vir Footy nader. Jerro is een van die beste professionele spelers in die dorp en die seun van die stadion-eienaar! Hy gee vir Footy ’n goue kaartjie – ’n sitplek in die stadion vir die eindstryd van die Internasionale Beker! Footy kan dit nie glo nie!

Jerro glimlag: “My pa besit die stadion en ek het ’n paar gratis kaartjies om weg te gee aan wie ook al ek wil!” Hy kyk hoe Grobb ’n ander kind omstamp.

“Footy, die beste spelers is nie net uitstekend op die veld nie – hulle weet ook hoe om mense reg te behandel, selfs diegene wat lelik is met hulle… Jy sal sien wat ek bedoel.”




Dit is amper tyd vir die afskop. Meeste van die toeskouers is reeds in hulle sitplekke – Footy is ’n bietjie laat, want hy kon nie kies watter kleure om te dra nie!

Toe hy by die hek aankom, hoor hy ’n kreun… Dit is Grobb! En hy is in ’n slegte toestand. ’n Groep ouer kinders het rof gespeel. Nou lê hy in die straat met beserings aan sy enkel en sy kop. Footy stop. Hy kyk na sy kaartjie, en dan weer terug na Grobb.



’n Bekende ou sokkerspeler stap verby op pad om kommentaar by die wedstryd te lewer. “Help…” kreun Grobb.

“Nie my probleem nie, kind,” sê hy en stap weg. Net toe kom ’n sekuriteitswag verby. Grobb steek ’n hand uit. “Asseblief…”

Die sekuriteitswag frons. “Jy moes in die eerste plek nie moeilikheid gemaak het nie,” mompel hy. Footy kyk weer na sy kaartjie; dit is een van die grootste wedstryde ooit! Maar Grobb is beseer...



Footy sug. “Kom, Grobb,” sê hy, “kom ons kry jou reg.” Deur sy kaartjie vir die personeel by die hek te wys, kry hy dit reg om Grobb die stadion in te dra. Grobb is swaar, en zdit neem Footy ’n rukkie om hom na die mediese area te dra. Hy kan die skare op die pawiljoen hoor – dit klink na ’n wonderlike wedstryd! Die mediese beampte kyk na Grobb, en dan na Footy. “Mis jy die eindstryd vir hierdie seun? Ek het gesien hoe hy jou vroeër rondgestoot het…”

Footy knik. “Ja, hy het hulp nodig…”

“Da-nkie, F-Footy…” sê Grobb.

“Footy, eh?” glimlag die mediese beampte.



Kort daarna is Grobb se enkel verbind. Net toe kom ’n stem oor die luidsprekers: “Sal die jong Footy asseblief na die ontmoetingspunt kom?” Wat gaan aan?

Die beampte neem vir Footy soontoe – en hy is geskok om mnr. Gabba en sy seun, Jerro, te sien wag vir hom! Mnr. Gabba is die eienaar van die stadion en die belangrikste persoon in Soccatown.



“Ons het gehoor wat jy gedoen het,’ glimlag mnr. Gabba. ‘Jy het jou kaartjie opgegee om iemand te help wat nie eers van jou gehou het nie.’

Hy gee vir Footy ’n splinternuwe kaartjie. ‘Kom saam met my.’ Dit is ’n bewys vir die VIP-area!



Footy kry die kans om die beste uitsig vir die res van die wedstryd te hê, asook om heerlike kos te eet!

Jerro glimlag vir hom. “Jy het gewys hoe die hart van ’n groot speler lyk, Footy. Ek is trots op jou.” Die tweede helfte is op die punt om te begin en dit is die beste wedstryd wat Footy nog ooit gesien het!

# DIE GOEIE SAMARITAAN



Op 'n dag het 'n wetgeleerde na Jesus toe gekom en gevra: "Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?"

Jesus het die man gevra wat die Wet – God se Woord – sê. Die man het geantwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand; en jou naaste soos jouself." Jesus sê toe vir hom hy is reg. Die wetgeleerde wou homself egter regverdig en vra: "En wie is my naaste?" Hy het dalk verwag dat Jesus sou sê sy familie of vriende. In plaas daarvan het die Here 'n verrassende storie vertel…



Daar was eens 'n man wat van Jerusalem na Jerigo gereis het. Hierdie pad was gevaarlik en het deur rotsagtige plekke gekronkel waar rowers dikwels weggekruip het. Sowaar, terwyl die man geloop het, is hy aangeval!

Die rowers het hom erg geslaan, sy besittings gesteel en hom ernstig beseer langs die pad laat lê!



’n Tydjie later het ’n priester verbygekom - priesters het in die tempel gewerk en het God se wet baie goed geken.

Hy sou verseker help! Maar toe die priester die beseerde man sien, het hy na die oorkant van die pad gestap en weggeloop. Daarna het ’n Leviet gekom, nog ’n godsdienstige man. Hy het God se wet ook goed geken. Maar in plaas daarvan om te stop en te help, het hy ook aan die oorkant verbygestap!

Miskien was hy te besig, of miskien was hy bang - maar hoe dit ook al sy, hy het die man net daar laat lê.



Uiteindelik het ’n Samaritaan daar aangekom. Samaritane en Jode het glad nie oor die weg gekom nie. Trouens, hulle was dikwels vyande! Die Samaritaan sou die man sekerlik ook ignoreer…

…nee!

Hy kon die beseerde man nie net daar los nie. Die Samaritaan het neergekniel, die man se wonde met olie en wyn skoongemaak en dit verbind.



Toe het hy die man op sy donkie gelaai, hom na ’n herberg toe geneem en hom versorg.

Die volgende dag het die Samaritaan vir die herbergier geld gegee en gesê: "Sorg goed vir hom. Wanneer ek terugkom, sal ek jou betaal vir enige ekstra uitgawes."

Dit was ongelooflike goedhartigheid! Die Samaritaan het nie net gestop en gehelp nie, maar het uit sy pad uit gegaan om seker te maak die man word ten volle versorg!



Jesus vra toe vir die wetgeleerde: "Wie van hierdie drie mans dink jy was ’n naaste vir die man wat seergekry het?"

"Die een wat barmhartigheid aan hom bewys het," het die man geantwoord.

"Gaan en doen net so," het Jesus gesê.





Net soos hierdie wetgeleerde, dink baie mense dat om in die hemel te kom alles daaroor gaan om genoeg goeie dinge te doen.

Hulle glo dat as ons gaaf genoeg is, hulpvaardig genoeg is, of genoeg reëls nakom, ons ons weg na God toe kan verdien. Maar die waarheid is dat niemand die ewige lewe kan verdien deur 'goed genoeg' te wees nie. Ons het God nie liefgehad met ons hele hart, siel, verstand en krag nie, en ons het nie ons naaste soos onsself liefgehad nie!

Ons is soos die beseerde man in die storie: verlore, stukkend en nie in staat om jouself te red nie…





…Maar Jesus is soos die Barmhartige Samaritaan. Al is ons sondaars - van nature Sy vyande - het Hy ons so baie liefgehad dat Hy Sy lewe gegee het om ons te red!

Hy het die prys vir ons sonde betaal sodat ons vergewe en met God versoen kan word wanneer ons ons vertroue in Hom stel! Omdat Jesus aan ons sulke ongeloof-like liefde bewys het, roep Hy ons op om ook ander lief te hê - selfs mense met wie ons dalk nie oor die weg kom nie of wat anders as ons is.

Om ’n ware naaste te wees gaan nie net daaroor om diegene te help wat ons ken en van hou nie, maar om goedhartigheid te bewys en om te sien na enigiemand wat dit nodig het.

Dit is wat dit beteken om ons naaste lief te hê op die manier wat Jesus ons liefge-had het.

# STORIE OOREENSTEMMING

**Kan jy die Bybelstorie met die sokkerstorie laat ooreenstem?**

| SOKKER STORIE | BYBELSTORIE |
| --- | --- |
| 1 Grobb, een van die besoekende kinders, is ernstig beseer. | 'n Samaritaan stop om die reisiger te help, selfs al is hulle vyande van die Israeliete! |
| 2 'n Bekende sokkerspeler ignoreer vir Grobb en stap verby. | Jesus eer die voorbeeld van die Samaritaan en moedig ons aan om soos hy te wees. |
| 3 'n Veiligheidswag weier om vir Grobb te help en stap ook by hom verby. | 'n Reisiger word geslaan en vir dood agtergelaat. 1 |
| 4 Footy help vir Grobb, selfs al was Grobb onvriendelik teenoor hom. | 'n Leviet ignoreer ook die gewonde man en kies om verby te stap. |
| 5 Footy offer sy kans op om die wedstryd te kyk sodat hy vir Grobb mediese hulp kan kry. | Die Samaritaan spandeer sy eie geld en tyd om die beseerde man te versorg. |
| 6 Footy se selfloosheid word deur mnr. Gabba en Jerro opgemerk, en hy word vir sy goedhartigheid vereer. | 'n Priester stap oor na die ander kant van die pad om die beseerde man te vermy. |





# FOKUS STUDIE 1 WIE IS MY NAASTE?

## OPWARM

- **V** ***Wie het in die sokkerstorie by die beseerde Grobb verbygestap sonder om te help?***

- **V** ***Wie was die mense in Jesus se gelykenis wat die gewonde reisiger geïgnoreer het?***

## SPANPRAATJIE

Probeer om die sokkerstorie in een minuut te vertel. Probeer nou om die Bybelstorie in dieselfde tyd te vertel!

Wat is jou gunsteling snack? Met wie sal jy dit deel? Met wie sal jy dit dalk nié wil deel nie?

Dit is maklik om gaaf te wees teenoor ons vriende en die mense vir wie ons lief is, maar dit is moeiliker met diegene wat ons irriterend vind. Jesus sê hulle is steeds ons naaste!

## OPLEIDING - GEHEUEVERS

**Markus 12:31b (AFR83) '...Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'**

# GOD SE SPELPLAN

**1**

Ons sien dikwels verskille in mense, maar God trek niemand voor nie. Elke enkele persoon is vir Hom waardevol!

**LEES 1 Samuel 16:7b (AFR83)** 'Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here kyk na die innerlike.'

V ***Hoe kan ons leer om mense te sien soos God hulle sien?***

**2**

Jesus het dit duidelik gemaak dat ons 'naaste' enigiemand is wat hulp nodig het, selfs al is hulle anders as ons!

**LEES Lukas 10:36, 37b (AFR83)** 'Wie van hierdie drie, dink jy, was die naaste van die man wat in die rowers se hande geval het?... Die man wat barmhartigheid aan hom bewys het...'

V ***Waarom het Jesus die Samaritaan gekies om die ware naaste in die storie te wees?***

**3**

Liefde is meer as woorde - dit vra aksie.

**LEES 1 Johannes 3:18 (AFR83)** Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippediens wees nie, maar moet blyk uit wat ons doen.

V ***Wat is een manier hoe jy hierdie week woorde in aksie kan omskakel?***

✓

***Maak jou oë toe. Dink aan iemand van wie jy nie maklik hou nie. Visualiseer hoe hulle alleen en hartseer sit. Stel jou nou voor dat jy hulle help in plaas daarvan om verby te stap. Dit is wat Jesus ons vra om te doen - om ons naaste lief te hê en God se liefde in aksie aan diegene rondom ons te wys!***

# DOELWAARTS

**BID:** Vra God om jou te help om mense deur Sy oë te sien en om selfs diegene lief te hê wie moeilik is om lief te hê.

**DOEN:** Soek hierdie week na een kans om iemand te help of te bemoedig met wie jy nie gewoonlik oor die weg kom nie.

**VERTEL:** Deel met 'n vriend dat Jesus sê dat almal is ons naaste is.





# FOKUS STUDIE 2 DIE PRYS VAN DEERNIS

## OPWARMING

- **V** ***Wat het Footy opgegee sodat Grobb hulp kon kry?***
- **V** ***Hoe het die Samaritaan vir die gewonde man gesorg?***
- **V** ***Waarom is dit soms moeilik om dinge vir ander op te gee?***

## SPANBESPREKING

Kan jy dink aan 'n keer toe iemand iets met jou gedeel het, selfs toe dit hulle iets gekos het? Dit kan tyd, geld, 'n speelding, kos of iets anders wees.

*Hoe het dit jou laat voel?*

## OPLEIDING - GEHEUEVERS

**Johannes 15:13 (AFR83) Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.**

# GOD SE SPELPLAN

1

Footy het sy goue kaartjie opgegee, en die Samaritaan het sy tyd en geld gegee. Liefde gaan nie net oor gevoelens nie - dit gaan oor opoffering. Dit is hoe Jesus ook Sy liefde vir ons gewys het.

**LEES 1 Johannes 3:16 (AFR83)** Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus Christus het Sy lewe vir ons afgelê.

**V** ***Waarom word ware liefde die beste gewys wanneer dit ons iets kos?***

2

Wanneer ons vir ander omgee, beteken dit dat ons hulle behoeftes bo ons eie stel.

**LEES Filippense 2:3-4 (AFR83)** Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook na die belange van ander.

**V** ***Hoe sou dit vir jou lyk om ander hoër as jouself te ag en in hulle belang te stel?***

3

God merk elke daad van liefde vir ander op - selfs die kleintjies!

**LEES Matteus 10:42 (AFR83)** 'Wie een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sal sy belonging kry. Dit verseker Ek julle.'

**V** ***Watter klein daad van goedhartigheid kan jy hierdie week doen wat baie vir iemand anders kan beteken?***

***Maak jou oë toe. Verbeel jou jy hou iets vas waarvoor jy baie lief is - miskien 'n bederfie, speelding of 'n spesiale kaartjie. Verbeel jou nou dat jy dit opgee sodat iemand anders kan hê wat hulle nodig het. Dit voel moeilik, nie waar nie? Maar dit is hoe liefde lyk. Liefde kos iets - en Jesus het vir ons die grootste liefde van almal gewys.***

# DOELWAARTS

**BID:** Dank Jesus dat Hy Sy lewe vir jou afgelê het, en vra Hom om jou te help om vrygewig te wees.

**DOEN:** Deel hierdie week iets wat vir jou spesiaal is met iemand.

**VERTEL:** Vertel vir 'n vriend dat liefde nie net woorde is nie - dit word gewys in wat ons gee en doen.



# FOKUS STUDIE 3 JESUS, ONS BARMHARTIGE SAMARITAAN

## OPWARMING

- *Kan jy onthou van waar tot waar die reisiger in Jesus se storie op pad was?*
- *Watter dier het aan die Samaritaan behoort?*
- *Kan jy verduidelik wat 'sonde' is? Sonde is enigiets wat ons dink, sê of doen wat teen God se wil is.*

## SPANBESPREKING

Stel jou iemand voor wat besig is om in diep te verdrink. Is hulle in staat om hulself te red? Nee! Hulle het iemand nodig om hulle te red.

Neem 'n minuut om soveel as moontlik reddingsberoepe te noem as waaraan jy kan dink.

## OPLEIDING - GEHEUEVERS

**Romeine 5:8 (AFR83) Maar God bewys Sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.**

# GOD SE SPELPLAN

**1**

Net soos die man wat op die pad gelê het, is ons hulpeloos as gevolg van sonde. Ons kan dit nie op ons eie regmaak nie.

**LEES Efesiërs 2:1 (AFR83)** Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sonde.

**V** ***Wat dink jy beteken dit om geestelik 'dood' te wees?***

**2**

Die Samaritaan het iemand gehelp wat gewoonlik sy vyand sou wees. Jesus het nog meer gedoen - Hy het Sy lewe vir ons gegee toe ons nog God se vyande was.

**LEES Romeine 5:10a (AFR83)** ...Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is....

**V** ***Hoe voel dit om te weet Jesus het ons liefgehad selfs toe ons teen Hom was?***

**3**

Jesus se dood het die deur vir ons oopgemaak om God se vriende te wees...

**LEES 1 Petrus 2:24 (AFR83)** Hy het self ons sondes in Sy liggaam aan die kruis gedra, sodat ons vir die sondes kan sterf en vir die geregtigheid kan lewe. Deur Sy wonde is julle gesond gemaak.

Jesus het ons sondes op Homself geneem sodat ons van 'dood IN die sonde' na 'dood VIR die sonde' kan gaan. Jesus bring vir ons vergifnis en lewe!

✓

***Maak jou oë toe. Verbeel jou jy lê op die pad, beseer en nie in staat om op te staan nie. Almal stap verby en los jou net daar. Visualiseer nou hoe Jesus na jou toe kom. Hy kniel neer, tel jou op en dra jou na veiligheid. Dit is wat Hy aan die kruis gedoen het - Hy het ons sonde en straf op Hom geneem sodat ons vergewe kan word. As jy nog nie jou vertroue in Jesus gestel het nie, kan jy dit vandag doen - sê vir Hom jy is jammer oor jou sonde, dank Hom dat Hy vir jou gesterf het, en vra Hom om jou Verlosser te wees.***

# DOELWAARTS

**BID:** Dank Jesus dat Hy jou van sonde gered het en vir jou nuwe lewe gegee het.

**DOEN:** Bewys hierdie week Christus se liefde aan iemand wat dit nie verwag nie.

**VERTEL:** Deel met 'n vriend dat Jesus gekom het om ons te red toe ons onsself nie kon red nie.



# FOKUS STUDIE 4 GAAN EN DOEN NET SO...

## OPWARMING

**V** *Hoe is Footy vereer nadat hy Grobb gehelp het?*

**V** *Vir wie het Jesus die storie vertel?*

## SPANBESPREKING

Wat is die mooiste ding wat iemand nog ooit vir jou gedoen het? Hoe het dit jou laat voel?

Wat is die mooiste ding wat jy al ooit vir iemand anders gedoen het? Hoe het hulle hul dankbaarheid gewys?

## OPLEIDING - GEHEUEVERS

**Efesiërs 4:32 (AFR83) Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.**

# GOD SE SPELPLAN

**1**

Jesus het nie net oor liefde geleer nie - Hy het dit geleef! Hy het Sy dissipels se voete gewas, die siekes gesond gemaak, Sy vyande vergewe en Sy lewe gegee. Ons word geroep om in Sy voetspore te volg.

**LEES Johannes 13:15 (AFR83)** "Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."

**V** ***Wat is 'n paar maniere waarop Jesus liefde gewys het wat ons kan naboots?***

**2**

Dit is maklik om gaaf te wees teenoor vriende, maar wat van ander mense?

**LEES Lukas 6:27-28 (AFR83)** "Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seen die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word…."

**V** ***Waarom is dit kragtiger om mense lief te hê wat nie gaaf is teenoor ons nie?***

**3**

In die sokkerstorie is Footy vereer omdat hy Grobb gehelp het. Wanneer ons ander liefhet en goeie dade doen, kry God die eer!

**LEES Matteus 5:16 (AFR83)** "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

**V** ***Waarom dink jy wys Christus-gelyke goedhartigheid mense na God toe?***

✓

***Maak jou oë toe. Verbeel jou jy hou 'n flitslig in 'n donker kamer vas. Wanneer jy dit aanskakel, verdwyn die duisternis. Dit is wat gebeur wanneer ons met Jesus se liefde leef - ons goedhartigheid laat Sy lig in 'n donker wêreld skyn. As jy vir Jesus ken, vra Hom om jou te help om hierdie week helder te skyn. En as jy Hom nog nie ken nie, is vandag die dag om Hom te vertrou, sodat Sy lig ook in jou kan skyn.***

# DOELWAARTS

**BID:** Vra God om jou te help om mense soos Jesus lief te hê, selfs wanneer dit moeilik is.

**DOEN:** Kies hierdie week een persoon - dalk iemand met wie jy nie gewoonlik oor die weg kom nie - en doen iets gaafs vir hulle.

**VERTEL:** Deel met 'n vriend dat ons ons vyande kan liefhê omdat Jesus ons eerste liefgehad het.

# GEHEUEVERS

Kyk of jy hierdie vers kan leer!

**Markus 12:31b (AFR83)** **'...Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'**

**Romeine 5:8 (AFR83)** **Maar God bewys Sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.**

# LES SE KERNPUNTE

- **Almal is my naaste!** God roep ons op om alle mense lief te hê, nie net ons vriende nie.
- **Ware liefde kos iets** -ware deernis beteken dat ons ander se belange bo ons eie stel.
- **Jesus is ons Barmhartige Samaritaan.** Ons is hulpeloos in die sonde, maar Hy het ons gered deur in ons plek te sterf.
- **Ons word geroep om soos Jesus lief te hê.** Bewys goedhartigheid, selfs aan mense wat moeilik is om lief te hê.
- **Ons liefde laat Sy lig skyn.** Wanneer ons anders leef, sien mense vir Jesus deur ons!

AMBASSADORS
FOOTBALL